

**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II
(SKRYFVRAESTEL)**

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. In hierdie vraestel is daar TWEE afdelings: Letterkunde (Drama en Prosa) en Transaksionele skryfwerk.
 3. Beantwoord VIER vrae: TWEE uit Afdeling A (Letterkunde) en TWEE uit Afdeling B (Transaksionele skryfwerk).
 4. Daar is vrae oor TWEE dramas (Afdeling A) en TWEE prosawerke (Afdeling A) in die vraestel. Beantwoord EEN vraag oor die drama van jou keuse en EEN vraag oor die prosawerk van jou keuse.
 5. Verseker dat jy, waar dit die geval is, albei dele van 'n besondere vraag voltooi.
 6. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.
 7. Begin elkeen van die vier vrae **bo-aan 'n nuwe bladsy** in jou antwoordboek.
 8. Let noukeurig op die puntetoekenning van die verskillende vrae.
 9. Netheid, leesbaarheid en versorgde taal sal in jou guns tel.
-

AFDELING A LETTERKUNDE**DRAMA**

Daar word in hierdie afdeling twee vrae oor die voorgeskrewe dramateks gevra.
Beantwoord Vraag 1.1 of 1.2 hieronder:

VRAAG 1**MY PLAAS SE NAAM IS VERGENOEG – George Weideman****VRAAG 1.1**

Bestudeer die volgende stellings aangaande sekere **konfliktsituasies** in die drama: *My plaas se naam is Vergenoeg*. Ondersteun of weerlê elkeen van die verskillende stellings in 'n reeks verbandhoudende paragrawe. Jou paragrawe moet saamgeskakel word om 'n mini-essay van 350 – 400 woorde oor die konfliktsituasies in die drama te vorm. Gebruik gepaste voorbeelde uit die teks om die verskillende stellings toe te lig of reg te stel en jou standpunt duidelik te maak:

- *Grace Boois se eis teen die Veldsmans handel net oor Whitey se finale rusplek.*
- *Jan Veldsman en Petrus Boois se baas-en-klaas-verhouding dien as waarskuwing vir wat kan ontwikkel as jy ander toelaat om beheer oor jou besittings te kry.*
- *Grieta Veldsman wou niks hoor van Whitey se afkoms nie, want sy het geweet die mense probeer Ouboet net swartsmeer.*
- *Grieta se bepaling dat vars blomme daaglik op haar graf gesit moet word, hou haar in almal se gedagtes as 'n goeie gemeenskapsleier.*

Jou essay moet 'n paar paragrawe beslaan; verskillende voorbeelde as bewyse vir jou standpunt insluit en op 'n oortuigende manier by jou standpunt uitkom.

30 punte

OF

VRAAG 1.2

Lees die volgende kommentaar oor *My plaas se naam is Vergenoeg* van 'n resesent en ondersteun óf weerlê sy sienings. Jy moet verskillende aspekte oor prominente temas in 'n mini-essay van ongeveer 350 – 400 woorde beredeneer. Koppel gepaste voorbeelde uit die teks aan die verskillende onderstreepte stellings uit die resensie hieronder:

*Die belangrikste aspek van hierdie drama is **Grace Boois se wraakneming op die Veldsmans** voor die grondeisekommissaris omdat hulle nie vir Whitey as Ouboet se seun wil erken nie. Grace meen dat sy op hierdie manier, as deel van die grondleggervolk in die Agterveld, **meer grondregte as enige Veldsman** het aangesien die Namas eerste dáár was.*

*Verskeie aktuele sake soos **die verontregting van die blankes**, die handhawing van **beskaafde lewenstandaarde** en die **regverdigheid van die regstelsel** word egter ook in Grace se soeke na restitusie aangespreek. Dit dwing die leser om te besluit wie eintlik reg en verkeerd is oor die saak. Die kommentaar van die vormwisselaar, Altydanders, en die uitspraak van die kommissaris maak dit egter duidelik **dat Grace verkeerd is** om iets wat nie regtens hare is nie te wil opeis.*

Jou essay moet 'n paar paragrawe beslaan; verskillende voorbeelde as bewyse vir jou standpunt insluit en op 'n oortuigende manier by jou standpunt uitkom.

30 punte

EN

PROSA

Daar word in hierdie afdeling telkens twee vrae oor twee verskillende prosatekste gevra. Beantwoord Vraag 2.1 of 2.2 (oor **Die Uitgespoeldes**) óf Vraag 3.1 of 3.2 (oor **Bidsprinkaan**) na aanleiding van die roman wat jy bestudeer het.


VRAAG 2**DIE UITGESPOELDES – Dalene Matthee**

VRAAG 2.1 Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

DEEL A

In die roman *Die uitgespoeldes* is een van die sterk temas dat almal maar net uitgespoeldes is. Sommige persone is skynbaar deur die noodlot op 'n plek uitgespoel, terwyl ander weer gekies het om op dieselfde plek uitgespoel te word.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en maak by elke opskrif twee kort, verduidelikende inskrywings. Die een inskrywing moet verwys na die rede waarom die persoon 'n uitgespoelde van die Strandveld is en die ander inskrywing moet verwys na die invloed van die betrokke persoon se uitspoeling in daardie wêreld.

**10 punte**

EN

DEEL B

Gebruik jou inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (600 woorde) waarin jy uiteensit **hoe elkeen van die hoofkarakters in die roman 'n uitgespoelde is en hoe hulle ander, in dieselfde posisie, help met hul oorlewing.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding.
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes.
- relevante teksaanhalings/ -verwysings.
- 'n formele styl.
- 'n samevattende slot.

20 punte


OF

VRAAG 2.2 Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

DEEL A

In die roman *Die uitgespoeldes* is daar 'n aantal momente waar die gebeure 'n onverwagse draai of wending maak. In die proses word die oorspronklike bedoeling van sekere karakters se woorde of optrede **ironies verander** en dwing dit dinge onherroeplik in 'n ander rigting.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en gee by elke vraag **twee** verduidelikende inskrywings aangaande die ironiese wendings wat by die besondere situasie ter sprake is.



10 punte

EN

DEEL B

Gebruik jou inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (600 woorde) waarin jy uiteensit **hoe sekere optredes van die karakters vol ironie is aangesien hulle bedoeling anders uitwerk.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding.
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes.
- relevante teksaanhalings/ -verwysings.
- 'n formele styl.
- 'n samevattende slot.

20 punte

OF

VRAAG 3

BIDSPRINKAAN – Andre P. Brink


Lees die volgende uittreksels uit die roman *Bidsprinkaan* en beantwoord dan Vraag 3.1 of Vraag 3.2.

VRAAG 3.1 Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

DEEL A

In die roman *Bidsprinkaan* is een van die sterk temas dat die woorde/ Woord beperkings het. Kupido het volgens oorlewering immers uit die woorde van sy Khoi-ma se stories die lewe ingekom voordat hy die krag van woorde in witmensbriewe en die Bybel leer ken het, dit self leer manipuleer het net om uiteindelik deur die einste woorde/ Woord in die steek gelaat te word.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en maak by elke opskrif twee kort, verduidelikende inskrywings. Die een inskrywing moet verwys na die rede waarom Kupido en die woorde/ Woord se paaie gekruis het en die ander inskrywing moet na die invloed van die woorde/ Woord op sy wêreld wys.



10 punte

EN

DEEL B

Gebruik jou inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (600 woorde) waarin jy uiteensit **hoe woorde (en die Woord) aan Kupido lewe en bestaansreg besorg, maar hom ook tot niet laat gaan as dit krag verloor.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding.
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes.
- relevante teksaanhalings/ -verwysings.
- 'n formele styl.
- 'n samevattende slot.

20 punte


OF

VRAAG 3.2 **Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.**

DEEL A

In die roman: *Bidsprinkaan* is daar 'n aantal momente waar die goeie bedoelings van karakters 'n onverwagse draai of wending maak. Hierdeur verkry hulle bedoeling, woorde of optrede 'n **ironiese** aard en dwing dit dinge onherroeplik in 'n ander rigting.

Herteken die volgende ideekaart in jou antwoordboek en gee by elke vraag **twee** verduidelikende inskrywings aangaande die ironie wat by die besondere situasie ter sprake is. Sê wat die bedoeling was én hoe dit anders uitgedraai het.



10 punte

EN

DEEL B

Gebruik jou inskrywings van Deel A (asook ander relevante inligting) en skryf 'n literêre opstel (600 woorde) waarin jy uiteensit **hoe sekere ironiese situasies in sy lewe dit vir Cupido duidelik maak dat die Khoi en San nooit as die blankes se gelyke gesien sal word nie en dat hy sonder laasgenoemdes vrygemaak sal wees.**

Maak seker dat jou literêre opstel die volgende struktuurelemente insluit:

- 'n stelling oor die onderwerp in die inleiding.
- verduidelikende paragrawe rondom kerngedagtes.
- relevante teksaanhalings/ -verwysings.
- 'n formele styl.
- 'n samevattende slot.

20 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**KORT SKRYFSTUKKE**

In hierdie afdeling word drie opdragte gegee. Doen enige TWEE van jou keuse.

VRAAG 4

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

Jy is 'n joernalis wat vir die buitelewetydskrif *Mooiloop* oor interessante besienswaardighede en plekke in ons land skryf. Jou skryfwerk sluit ook heelwat persoonlike ervarings en waarnemings in én jy probeer ander mense oortuig om dieselfde belewenis te gaan probeer opdoen.

Jou jongste artikel, die teks hieronder, is so te sê gereed. Jy moet egter nog die inleiding, nog 'n paragraaf en die slotparagraaf skryf voordat alles klaar is. Lees die volgende teks en doen dan die opdrag.

Aan die begin was dit elke vakansie dieselfde see, maar jaar na jaar het dit 'n nuwe naam gehad: Danielle, Susan, en Lulu en Maryn ... en 'n paar ander name wat ek skandelik al vergeet het.

Ek sou leer, mettertyd, toe ek ander kuslyne ontdek en nuwe strande verken het: nie elke see is dieselfde nie. Party is toegankliker as ander, party is kouer, party het rotse en sloepe en onverwagte vlak poele vol bont vissies; party is helder en deursigtig en jy kan tot diep op die bodem sien, ander is altyd troebel en onrustig en sonder sigbare rede, beduiweld.

'n Mens leer op die lang duur jy moet die see nooit op haar baadjie takseer nie. En moet veral nie dink die see is altyd dieselfde nie. Sy kan, omdat sy die see is, en deur onsigbare magte gedryf word, onverklaarbaar én in 'n oogwink verander.

Sy kan jou vriendelik nader nooi en geduldig met jou speel, al hoe verder weg van vaste grond af – en dan, terwyl jy nog dink dit is louter spel, lui die klokke op die

strand en moet die lewensredders jou kom 'omhels' ...

Ek moet bely, al is dit bitter teen my sin, as sy altyd dieselfde was, sou sy nie deur die eeue soveel groot digters so mateloos geïnspireer het nie.

Omdat Amanzimtoti my eerste kennismaking was, was sy vir lank my gunsteling. Sy was alles wat ek as kind van 'n seevakansie kon vra. Maar die tyd bring ervaring (en teleurstelling). Daarom is sy vandag nie meer dieselfde nie.

Oud word is nie 'n skande nie, maar soms wys die verwoesting van die tyd te veel letsels ... dis wat ek nou die dag met my terugkeer na dié kinderdroom se strand besef het.

Gelukkig leer 'n mens met verloop van tyd ook ander strande ken: Ponta d'Ouro, Santa Monica, Swakopmund, Vleesbaai, Kosibaai en vele ander waarheen almal wil gaan vir vakansie.

Onthou die see met jou volgende vakansie ...

[Verwerk uit: *Mooiloop*, Desember 2008]

4.1 Noem vanuit bogenoemde teks, puntsgewys, vyf inhoudsake wat jy in die inleiding en/ of die slot wil of moet noem. Koppel dan een of ander beeldspraak (bv. 'n vergelyking, metafoer, hiperbool of personifikasie) aan **elke** saak en laat dit aansluit by die konteks van die teks. (5)

4.2 Gebruik nou die sake wat jy in 4.1 gelys het en skryf die inleiding, 'n paragraaf wat voor die slot sal inpas én die slot (in totaal 250 woorde lank) wat by bogenoemde teks hoort. (Dui aan watter paragraaf die inleiding en watter een die slotparagraaf is.)

Voeg ook 'n gepaste opskrif bo-aan die inleidingparagraaf by.

(15)

20 punte

OF**VRAAG 5**

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

As kopiésrywer by 'n promosiemaatskappy is dit jou taak om 'n pamflet (250 woorde lank) vir een van jou kliënte saam te stel wat aan Afrikaanssprekende jongmense versprei sal word.

Jou pamflet moet die bestaande inligting oor MXit kortliks uiteensit, sekere vrese oor die diens uit die weg ruim en 'n nuwe aspek van die produk bekendstel aan die jongmense. Die uitleg, register en doel van die dokument moet daarom aansluit by die leefwêreld van die jeug.

Hier is die basiese agtergrondinligting wat jou kliënt verskaf het en wat jy moet uitsoek, verwerk en uitbrei vir die Afrikaanse kliënte. (Jy kan self besluit wat die nuwe diens is wat tot hierdie produk bygevoeg word en verduidelik hoe dit inpas by die bestaande produkte.)

MXit

- MXit het in 2008 die internasionale mark betree.
- Baie nuusblaaie en tydskrifte is gekant teen MXit. Haal verskeie mense aan oor sogenaamde negatiewe invloed van MXit.
- Amptelike ondersteuning in Maleisië, Indië, Indonesië, Verenigde Koninkryk, VSA, Nigerië, Brasilië, Frankryk, Duitsland, Italië, Portugal en Spanje.
- MXit-webbladsy het koppel-inligting vir oorsese gebruikers en kliënte.
- MXit word vanuit hul Europese Data Sentrum in Frankfurt, Duitsland bedryf. Groter volumes kommunikasie is moontlik.
- Tradepost is die MXit e-winkel.
- Verbruikers koop sekere dienste deur die e-handel-winkel aan.
- Die MXit betalingsmiddel is moolas. 'n Moola is een Suid-Afrikaanse sent werd.
- Internasionale kommunikasie word weggelei van die SA-bediener. Vinniger konneksies volg.
- Party kinders onttrek hulle aan die samelewing deur net in mobiele kletskamers 'uit te hang'.
- Ouers konfiskeer selfone of beperk selfoongebruik om kinders te beskerm.
- Onvoldoende bewyse om ouers se siening te steun.
- MXit gee veiligheidswenke op hul webwerf.
- Verantwoordelike besluite maak MXit redelik veilig om te gebruik.
- MXit Music is 'n nuwe inisiatief om SA musiek te steun en te laat groei.
- Musikante word deur MXit 'n platform gegee om hier en oorsee gehoor te word.
- MXit het 'n uitgebreide aanlyn en mobiele groepe.
- Teenstanders van die netwerk sê dit ondermyn sosiale interaksie en kommunikasie.
- MXit Music is aflaaibaar aan MXit-mense via die Tradepost kontak van die kliënt.
- Elektroniese kommunikasie en diensverskaffers beheer deur SA Reg.
- In terme van die voorwaardes van die Elektroniese Kommunikasie en Transaksie Wetgewing (Wet 38 van 2002), is diensverskaffers soos MXit nie aanspreeklik vir die inhoud van verbruikersboodskappe of die misbruik van tegnologie deur verbruikers en ander instansies nie.
- In terme van die voorwaardes vir die regulering van die onderskepping van kommunikasie (Wet 91 of 2002), mag MXit nie verbruikerboodskappe sonder 'n hofbevel monitor of onderskep nie.
- Die eerste weergawe van MXit was bedoel vir die speletjiesmark.
- MXit is in 2003 geloods.
- Vereistes: MXit vir selfone: 'n Java-toegeruste selfoon met Internet-vermoë (CSD/ GPRS/ 3G) en 'n kleurskerm.

[Verwerk uit bestaande 2009 Wikipedia-inligting]

- 5.1 Maak 'n puntsgewyse lysie van die vyf belangrikste sake uit hierdie inhoud wat in jou pamflet verskillende afdelings gaan vorm. Onthou die nuwe diens sal ook bygevoeg moet word. Skryf hierdie vyf sake/ frases in jou antwoordboek neer. (5)
- 5.2 Ontwerp en skryf, na aanleiding van bogenoemde punte, jou A4-grootte pamflet vir die jongmense waarin jy die nuwe diens bekendstel en meer kliënte probeer werf. Voeg gerus relevante, addisionele inligting by bogenoemde inligting by, selfs al moet jy dit versin.
- Jy kan ook grafika, 'n unieke uitleg, kleur, ander lettertipes, kolomme en 'n loslitregister in jou skryfwerk gebruik ten einde jou teikenmark te bereik. Gebruik om en by 250 woorde vir jou skryfwerk. (15)

20 punte

OF

VRAAG 6

Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Doen beide dele.

Wikipedia is 'n Internetgebaseerde ensiklopedie wat staatmaak op die feitelike bydraes van Jan Alleman.

Die instruksies om 'n bydrae te lewer is eenvoudig:

- Gebruik maklik verstaanbare woorde en kort sinne.
- Skryf informatiewe, relevante inligting neer.
- Gebruik die wiki-blaaie om te leer en te onderrig.
- Moenie te skraps met inligting wees nie.
- Moenie huiwer om bydraes te lewer of foutjies te maak nie; die redakteur sal dinge regskaaf, indien nodig.

Kyk na die volgende voorbeeldbladsy oor EEN aspek van Richard Branson se besigheidslewe om jou te help (Onthou die onderstreepte woorde is skakels na ander webblaaie).

BRANSON SE BESIGHEIDSWEDERVARINGE

Stigtingsjare

Branson het Virgin Atlantic Airways in 1984 gestig. Na 'n veldtog van slinkse streke wat British Airways in die tagtigerjare teen Virgin geloods het, het Branson hulle in 1992 hof toe gesleep en van laster aangekla. Die saak is uiteindelik buite die hof geskik. British Airways moes die £3 miljoen hofkoste betaal en Branson het die £610 000 skadevergoeding as bonusse onder sy personeel verdeel.

Sukses in die lugvaartbedryf

In 1996 het hy die kortafstand lugredery Euro Belgian Airlines aangekoop en herdoop na Virgin Express voor dit in 2006 met SN Brussels Airlines saamgesmelt het tot Brussels Airlines. Drie ander rederye: Virgin Nigeria, Virgin America en Virgin Blue het sedertdien in die Virgin-groep die lig gesien.

Mindere suksesvolle sakebelange

In 1997 het Branson Virgin Trains in 'n waaghalsige stap vir 'n ruk lank bedryf en amper sy groep se reputasie permanent laat skade lei vanweë infrastruktuurprobleme buite sy beheer. Hy het Virgin Mobile in 1999 geloods en Virgin Blue in Australië in 2000 van die grond af gekry. Later dié jaar het hy ook 'n mislukte bod gemaak om die Britse Nasionale lotery te bestuur.

Branson het verder die Virgin Vodka en Virgin Cola handelsname ontwikkel, maar dié bedrywe het minder suksesvol geblyk te wees. As gevolg hiervan moes hy baie kritiek in die pers oor sy besigheidsmodel verduur.

Ruimtereise

In die besigheidswêreld is hierdie transformasieleier bekend vir sy ongewone bemarkingstrategieë. Hy gebruik 'n breë laevlak bestuursbasis eerder as 'n tradisionle model wat in die wurggreep van topbestuur vasgevang is.

In 2004 het Branson aangekondig dat 'n ooreenkoms bereik is waarvolgens 'n ruimtetoerismemaatskappy, Virgin Galactic die Spaceship One tegnologie sou gebruik om lae trajek-ruimtevlugte vir toeriste teen 2010 te laat plaasvind.

Toekomsplanne

Na 'n gesprek met Al Gore, die gewese Amerikaanse adjunkpresident, oor aardverwarming het Branson die noodigheid gesien om sy volgende onderneming: Virgin Fuels in die lewe te roep. Hierdeur wil hy poog om rewolusionêre, goedkoper brandstowwe in die afsienbare toekoms vir motors en vliegtuie te ontwikkel.

In 2006 het hy sy telekommunikasiemaatskappy Virgin Mobile vir byna £1 biljoen aan Telewest verkoop. Branson bly nietemin steeds die grootste aandeelhouer in die maatskappy. Die Virgin-groep ontvang jaarlikse tantieme van £8.5 miljoen vir die gebruik van die Virgin-handelsnaam. Sedertdien is Virgin Media (telekommunikasie), Virgin Comics en Virgin Animation (vermaaklikheid en films), Virgin Health Bank (stamselbewaring) en die Virgin Earth Challenge (kweekhuis-gasverwydering) ook bygevoeg tot die Virgin-groep se lys van ondernemings.

[Verwerk vanuit bestaande 2009 *Wikipedia*-inligting]

- 6.1 Jy gaan ook 'n Wikipedia-bydrae oor 'n bekende persoon skryf.
Lees deur die onderstaande inligting oor die fietsryer Lance Armstrong.

Kies uit hierdie inligting EEN aspek van Lance se lewe wat jy kan beskryf.
Besluit dan watter **vyf** sub-opskrifte jy gaan gebruik om hierdie aspek te beskryf.
Skryf hierdie vyf woorde of frases in jou antwoordboek neer. (5)

- Geboortedatum: 18 September 1971.
- Wen die Tour de France sewe keer agtereenvolgens ('n rekord).
- Oorleef testikulêre kanker in 1996.
- *Sports Illustrated* se Sportman van die jaar in 2002.
- Tree uit wedrenne op 24 Julie 2005, na afloop van die Tour de France.
- Het breinchirurgie en erge chemoterapie ontvang.
- ABC netwerk se Wye Wêreld van Sport se Atleet van die jaar in 1999.
- Wen die Prince of Asturias-toekenning vir Sport in 2000.

- Ry as professionele atleet vir Motorola (1992 – 1996), Cofidis (1997), US Postal (1998 – 2005) en Astana (2009).
- Die Lance Armstrong Foundation ondersteun kankerlyers.
- Het op 16 as professionele driekampatleet aan sport begin deelneem.
- Behaal 14de en 12de plekke as fietsry-amateur by twee Olimpiese Spele.
- Lance se longkapasiteit is amper dubbel dié van die gewone mens.
- Hy het 'n vergrote hart en sy spiere het baie min melksuur tydens oefening.
- Belangrikste professionele fietsry-oorwinnings: Tour de France (1999 – 2005), Wêreld Fietsry kampioenskap (1993), VSA Nasionale kampioenskap (1993), Clásica de San Sebastian (1995), La Flèche Wallonne (1996), Tour de Suisse (2001), Critérium du Dauphiné Libéré (2002, 2003).
- Lance het 'n 50% kans gehad om sy kanker te oorleef.
- Hy het menige beskuldigings oorleef en hofsake gewen oor die gebruik van verbode middels.
- Lance en oudpresident George W. Bush het saam bergfiets gery op die president se plaas na sy 2005 uittrede.
- Die Armstrong Foundation se LIVESTRONG-veldtog is 'n wêreldwye netwerk vir groter bewustheid van kankerlyers se stryd teen die siekte.
- Hy het nog nooit positief getoets vir enige dwelmmisbruik nie.
- Belangrikste toekennings: Wêreld Padrenkampioen (1993), Tour de France wenner (1999 – 2005), Vélo d'Or (1999 – 2001 en 2002 – 2005), William Hill Sports Book of the Year wenner (2000), Associated Press se Mansatleet van die jaar (2002 – 2005), Wêreld Sportman van die jaar (2004).
- Lance gaan in 2009 'n terugkeer tot kompeterende fietswedrenne maak.
- Hy besef die politiek is nie vir hom nie (kankeraktiwisme wel).

[Verwerk vanuit bestaande 2009 Wikipedia-inligting]

6.2 Skep nou met behulp van die raamwerk in 6.1 'n Afrikaans Wikipedia-bydrae oor 'n aspek van Lance Armstrong se lewe deur die opsommende inligting hierbo anders te rangskik en tot helder, aaneenskakelende paragrawe uit te brei – soos in die Branson-voorbeeld. (Jy mag 'n bietjie inligting uit jou duim suig indien jy hom nie te goed ken nie, maar tog sy lof wil besing.)

Toon aan watter inligting met ander blaaie geskakel sal wees en gebruik kort, saaklike volsinne om die inligting aan die lesers bekend te stel. Die lengte van jou bydrae moet nie 250 woorde oorskry nie.

(15)

20 punte

Totaal: 100 punte